



Conquesta 2019

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
 Koerier: Krantzveweg 105, Kloof 3610, Suid-Afrika / Pos: Posbus 99, Kloof 3640, Suid-Afrika
 Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
 E-Pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Afrikaans 2 (Eerste Addisionele Taal) – Graad 8

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (*sien voorbeeld 1 hieronder*). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil werk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (*sien voorbeeld 2 hieronder*).

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	c	d
----	---	---	--------------	---

Voorbeeld 2:-

4.	a	b	c	d
----	---	--------------	--------------	---

Lees die teks en beantwoord vrae 1 – 14.

Ann se 13de verjaarsdag!

Ann en haar vriendin, Jenny, sit en gesels op die bed in Ann se kamer. Ann se kamer is 'n tipiese tienerkamer met prente teen die mure, teddiebere, 'n hokkiestok, tennisraket en baie boeke. Ann is amper 13. Sy het jeans en 'n T-hemp aan. Jenny is 13 en sy dra 'n kort geblomde rokkie.

Ann: (*opgewonde*) Dit is een van die dae my verjaarsdag!

Jenny: Wat sê jou ma? Mag jy 'n partytjie hou?

Ann: Sy het gesê ek mag 'n paar maats nooi.

Jenny: Wonderlik! Kom ons maak 'n lys van al die maats wat jy wil nooi.

Ann: Ek dink nie my ma het bedoel ek kan baie mense nooi nie! Dis net my ouma-hulle, my oom en tannie en dalk drie of vier maats.

Jenny: Maar dit is nie 'n partytjie nie! Dan kan jy net sowel koek skool toe neem. 'n Mens doen dit nie meer in die Hoërskool nie! Dit gaan so vervelig wees. In die Hoërskool hou 'n mens 'n regte partytjie. 'n Regte een met seuns, harde musiek en ligte en alles!

- Kies die korrekte woord.**
Ann se partytjie gaan nie baie wees nie.
 (a) opgewonde (b) opwindend
 (c) opgewende (d) opgewondende
- Wat is die verkleinwoord van 'lig'?**
 (a) liggie (b) liggies
 (c) liggietjie (d) liggieke
- Wat noem ons die leesteken aan die einde van die sin? "Wat sê jou ma?"**
 (a) Uitroepeteken (b) Komma
 (c) Vraagteken (d) Punt
- Watter antwoord pas nie?**
Ann is 'n tienerdogter wat van hou.
 (a) sport (b) sagte speelgoed
 (c) lees (d) harde musiek
- Wat is die meervoud van 'T-hemp'?**
 (a) T-hempie (b) T-hemde
 (c) T-hempde (d) T-hempe
- Wat is die verlede tyd van die volgende sin? Sy het jeans en 'n T-hemp aan.**
 (a) Sy het aangehad jeans en 'n T-hemp.
 (b) Sy het gehad jeans en 'n T-hemp aan.
 (c) Sy het aan jeans en 'n T-hemp.
 (d) Sy het jeans en 'n T-hemp aangehad.

7. Hoe sal jy die volgende vraag korrek in die negatief beantwoord? "Is Ann al 13?"

- (a) "Nee, Ann is nie al 13 nie." (b) "Nee, Ann is nog steeds 13."
 (c) "Nee, Ann is nog nie 13 nie." (d) "Nee, Ann is alreeds nie 13 nie."



- Wat is 'n 'tiener'?**
 (a) Mense tussen 10 en 19 jaar oud.
 (b) Hoërskoolkinders.
 (c) Mense tussen 10 en 13 jaar oud.
 (d) Kinders wat baie moeilik is.
- Vul die ontbrekende voorsetsel in.**
Jenny hou vreeslik baie partytjies.
 (a) van (b) vir (c) op (d) met
- Hoe sal Jenny vir Ann gelukwens met haar verjaarsdag?**
 (a) Goeie geluk met jou verjaarsdag.
 (b) Lekker wense met jou verjaarsdag.
 (c) Gelukkige wense met jou verjaarsdag.
 (d) Veels geluk met jou verjaarsdag.



11. Wat is die korrekte indirekte rede vir die volgende vraag?

Jenny vra vir Ann: "Mag jy 'n partytjie hou?"

- (a) Jenny vra vir Ann of mag sy 'n partytjie hou.
 (b) Jenny vra vir Ann of sy 'n partytjie mag hou?
 (c) Jenny vra vir Ann dat sy 'n partytjie mag hou.
 (d) Jenny vra vir Ann wanneer sy 'n partytjie mag hou.

